

'n Familie van families.

Galasiërs 4:1-7

Inleiding

- Familie.
 - Konneksies van liefde wat mens trots maak.
 - Wat jou identiteit gee.
 - Wat jou ankers gee.
 - Wat jou bystaan en op wie jy kan reken.
 - Iets waarvan daar in amper elke huis foto's in raampies op rakkies of teen die muur is.

- Maar hierdie einste ding
 - is ook dit wat jou eindeloos seer kan laat as dit skeefloop.
 - Om dit nie te hê nie los mense eensaam.
 - Dis iets waarna mense verlang as jy ver daarvan af is.
 - En as jy dit verloor... is mense vir baie lank baie seer en stukkend.

- Hoekom maak familie so 'n massiewe indruk op ons...
- Wel, glo dit of nie... dit gaan in wese oor God, en oor om sy dissipels te wees.

- Kom ons ontdek dit saam.

Agtergrond v reeks en kwartaal fokus

- Ons het in Trinitas klaar die draai gemaak om oor onself te begin dink as dissipels.
 - Ons leer uit die Bybel dat 'n dissipel is:
 - 'n Vakleerling/Appy wat by Jesus leer om te lewe
 - 'n Dissipel luister na sy meester en oefen dit dan in sy lewe.
 - Dis luister en lewe en luister en lewe
- Jesus wil ons, deur die loop van al die dramas in ons lewe,
 - Leer om as 'n verlose mense daarin te lewe.
 - Daarvoor gebruik Hy sy Woord, sy Gees en sy liggaam (die ander dissipels om jou)

Die leerareas vir dissipels

- Die hoof onderwerpe
 - Waaroor Jesus sy volgelinge wil leer is
 - **verloswees,**
 - **familiewees,**
 - **diensknegwees**
 - en **gestuurwees.**
- Hoekom juis hierdie dinge? ---Dis baie interessant!--
 - Want ons kry dit in die Drie-Eenheid van God self in wie se beeld mense gemaak is.
 - En... wanneer óns só lewe,

- maak ons soos God
 - en sien ander mense Hóm eintlik in ons raak.
- Dink mooi hieroor:
 - God die Vader, Seun en Gees
 - is **los** en slaaf van niks of niemand,
 - het as **familie** saamgewerk
 - en die mens in hulle nood **gedien**
 - deur die Verlosser te **stuur**.
 - Sien jy dit raak?!
- **Dissipels** is mense wat
 - verlos is om God te volg
 - en óók 'n familie diensknegte te wees wat gestuur is.
- Dít is dan hoe ons onself sien:
 - ***'n Verlose familie diensknegte wat gestuur is.***
- Ons fokus hierdie jaar elke kwartaal op 'n ander aspek.
 - In die eerste kwartaal het ons gefokus op VERLOSWEES.
 - Jesus se werk aan die kruis maak ons los ván sonde en los vír God.

- Vandag skop ons die tweede kwartaal af met FAMILIE.
- Ons gaan na 'n paar Bybelgedeeltes kyk om te ontdek
 - hoekom familie ons so diep tref.
 - Dat kerk niks anders is as 'n familie van families nie.
 - En hoe en waar dit dalk aanpassing van ons vra as Trinitas in ons verdere groei na gesondheid toe.

Drie-Eenheid

- Die heel eerste familie op hulle eie was nie Adam en Eva nie...
 - Die heel eerste familie was God.
- In Genesis 1:26 hoor ons dit al
“Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld....
 en dan v 27
“God het die mens geskep as verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.”
- Sien, daar was 'n 'ons' nog voor daar mens was.

- En toe die mens kom is 'n familie gemaak om die 'ons' van God te verteenwoordig...
 - 'n man én vrou.
- Die ding wat ons vandag dus ken as 'gesin' of 'familie'
 - – is nie maar 'n iets wat mense uitgedink het nie.
 - Dit is konneksies van verhoudinge tussen mense
 - wat vir mekaar lief is,
 - omdat dit is wat binne in die Drie-Eenheid die geval is:
 - konneksies tussen die persone van die Drie-Eenheid
 - wat vir mekaar baie lief is.
- God het 'n familie gekies om Homself in die wêreld te verteenwoordig.
 - Hy het nie 'n CC gestig nie,
 - nie 'n politieke party om sy saak te propageer nie,
 - nie 'n korporasie met 'n CEO en bestuurders nie
 - en ...selfs ook nie 'n kerk nie.
- Toe God gemaak het wat Hy wou hê, ...het Hy 'n 'familie' gemaak.
 - Om hom te reflekteer/te verteenwoordig/'n eggo van Homself te wees,

- soos wat hulle met mekaar en die res van die skepping besig sou raak.
- Dis hoekom familie ons so diep gelukkig maak, of so diep seer...
 - ons is gemaak daarvoor.
- Maar, met die sondeval
 - het hierdie familie-ontwerp van God natuurlik uitmekaar gebars.
 - Die eerste vingerwys in die eerste huwelik het begin,
 - en die eerste mens wat gebore is het die tweede mense wat gebore is, doodgemaak.

Jesus in die NT

- Wanneer Jesus,
 - die Eersgeborene/oudste Seun van die Vader
 - in die eerste familie,
 - 1000'e jare later kom om vir hierdie onreg van mense te betaal aan die kruis
 - en hulle weer in hulle regte verhouding met God kom leer lewe
 - – dan praat Hy van sy volgelinge, sy dissipels weer as sy familie.

- Markus 3:31 beskryf so 'n keer toe Jesus se ma en boeties hom kom soek het:

³²'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: "Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U."

³³Maar Hy sê vir hulle: "Wie is my moeder en my broers?"

³⁴Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: "Hier is my moeder en my broers! ³⁵Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder."

- Maar... hoe gebeur dit dat
 - mense wat in sonde geval het
 - en steeds vir mekaar vinger wys
 - en mekaar wil doodmaak...
 - dit kan regkry om "God se wil te doen"
 - - soos hier staan
 - - en dan weer familie van God word.
- Een van die plekke wat dit mooi vir ons beskryf is Galasiërs 4:4-6

⁴Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe ⁵om ons, wat aan die wet onderworpe

was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. ⁶En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! ⁷Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God."

- God doen dit wat enige kind in 'n weeshuis se droom is.
 - Jesus het die prys betaal sodat mense soos ons
 - weer deur 'n aanemingsproses kan gaan
 - en weer kinders word in God se familie.
 - Kinders wat as eerste geskenk
 - die Gees van Jesus self in ons harte kry...
 - en dit is Hý wat ons weer na ons pa laat uitroep: Abba. Pappa.
- Jesus se Gees in my maak van my weer 'n kind
 - wat in sy pa, en sy pa se wil belangstel en sy pa se liefde geniet.
 - En so kry ek weer die karakter van die 1ste familie.
 - Die voorreg om hulle weer te verteenwoordig/weerkaats en te eggo.
 - En Jesus noem my weer sy broer, sy suster, sy ma.

Die kerk

- Elke dissipel/appy van Jesus,

- met sy Gees in hom of in haar wat Jesus volg,
 - is daarom weer deel van God se familie.
- En dit maak hierdie dissipels ook familie van mekaar – ‘n groter familie van families.
 - Selfs al is jy sonder ‘n pa en ma,
 - sonder kinders
 - of sonder ‘n lewensmaat...
 - jy is weer deel van God se familie wat Hy aanmekaar weef om Hom in die wêreld te verteenwoordig...
- ‘n Nuwe plek vir konneksies van liefde
 - om die konneksies van God se liefde in Homself,
 - en uit genade met ons...
 - tussen ons weer
 - vir die wêreld sigbaar te maak.

Trinitas

- Dis hoekom ons in Trinitas al hoe meer
 - oor onself behoort te dink as ‘n familie van families.
- En in hierdie groter familie wil ons kom leer oor

- hoe om te maak in ons kleiner families by die huis
 - – waar die vreugde en die seer vir ons wag.
- Ons wil ons lewens met mekaar deel soos enige normale gesonde gesin.
- Ons wil mekaar ondersteun in moeilike tye.
- Ons wil saam lag, speel en huil.
- Die vreugdes van mekaar se lewens deel.
- Ons wil ons goeters met mekaar deel en mekaar se voordeel soek.
- Maar soos gewone families,
 - is hierdie geloofsfamilie ook maar soms 'n morsige storie
 - met moeilike situasies en seisoene.
- Ons wil mekaar leer vertrou
- en die voordeel van die twyfel gee.
- Ons wil leer om mooi en eerlike te kommunikeer,
- mekaar om verskoning vra as dit nodig is en mekaar geduldig aanvaar.
- Ons wil selfs oop wees om deur ons gesinslede reggehelp te word as ons selfsugtig is of die naam van ons Vader beskadig.
- Al vat dit 'n ongemaklike gesprek om die kombuistafel.

- En ons wil vir mense wat nie familiebande het nie,
 - met dieselfde genade laat deel word van Jesus se familie in Trinitas,
 - as wat ons deelgeraak het.

Wat maak dit anders

- Dalk dink jy... ja... dit klink gaaf maar is nie nuus nie.
 - Ons hier in Vanderbijl ken mekaar al dekades.
 - Ons weet van mekaar se stories.
- Dit is dalk so... maar is ons in mekaar se stories?
 - Nie met ons neuse in mekaar se skinder sake nie...
 - Maar in mekaar se stories as mense wat mekaar liefdevol soos dissipels help om Jesus te volg.
- Vir 'n groot klomp mense is kerk eerder 'n instansie soos die DBV.
 - Mense wat vir 'n goeie saak staan...
 - fondsinsamelings hou
 - en as jy simpatiek is daaroor sal jy dan en wan ondersteun.
- Of 'n organisasie soos die SA Bloeddiens.
 - Lewensbelangrik,
 - maar jy wil nie by die risiko's van bloedskenk betrokke raak nie.
 - Jy hoop maar net hulle is daar die slag is jy hulle nodig kry.
- Of kerk as 'n tipe binnelandse sake.

- Jou papiere lê daar.
 - Jy gaan net soontoe in geval van geboortes, huwelike en sterftes.
 - Verder stel jy nie eintlik in hulle of die res van die burgers belang nie.
- Of kerk as 'n besigheid.
 - Die dominee is die CEO.
 - Die ouderlinge die bestuur.
 - Die diakens is die kliënte diens... en jy die kliënt.
 - En natuurlik soos in enige besigheid is die kliënt altyd reg.
 - Daar is nou mense aangestel...
 - en as die regte produk nie op die regte tyd kom nie...
 - dreig jy om betaling te weerhou of 'n ander besigheid te ondersteun.
- Of kerk as 'n Barnyard teater.
 - Hulle sit van tyd tot tyd 'n goeie 'show' op
 - maar die goeters wat nie in jou smaak val nie hou jy net by verby.
 - Jy kry dan eerder 'n ander opsie vir 'entertainment'.
- Ag... daar is somer 'n tros skewe idees
 - in die harde praktyk van hoe mense regtig maak.
 - En... die hartseer ding is dat dit soms nie net mense se idees oor kerk is nie.
 - Dit is ook hoe die kerke hulleself gedra.

- Maar wat skaars is soos hoendertanne,
 - is 'n familie van families
 - wat deur Jesus aanmekaar geweef is
 - en Jesus probeer volg in hulle gemeenskap.
 - Waar ouderlinge bloot die meer ervarenes in die familie is wat die res help om Jesus te volg.
 - Diakens is die wat die res van die familie help om mekaar beter te dien.

Slot

- Die rede hoekom ons familie-situasies ons so diep raak,
 - goed óf sleg,
 - is omdat ons aan die begin aanmekaar geweef is om daarin God te weerkaats en te eggo.
 - Sý liefde, sy opoffering en sy vergewing behoort daarin sigbaar te word.
- Dis nie sommer net iets nie.
- Dis só kosbaar dat Jesus jou terug wil herstel in 'n familie in met Hom en die Vader en die Gees.
- Om jou te help gee hy ook 'n nuwe geloofsfamilie.
 - 'n Familie van families waarin ons dissipel word,
 - geleer word om weer God in ons konneksies met mekaar vir die wêreld te eggo.

- Mag ons as Trinitas
 - al hoe meer so oor onself dink,
 - en so met mekaar saam lewe **as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.**

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
19 April 2015